

Verslagno: MM-44



**die salarisstruktuur van
natuurwetenskaplikes in die
rsa soos op 1 maart 1971**

001.3072068 HSRC
MM 44

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 48-3944

Telegramme: RAGEN

BIBLIOTEEK LIBRARY

President:

Vise-preside

Sekretaris:

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



RGN · HSRC

Institute van

Geskiedenis

Inligting en S

Kommunikasie

Mannekrag

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindings en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe

**SUID-A
NAVOR**

**83
IKE**


**'AN
<ES
371**

J.S. SMUTS, B.COM. (Hons.),

**INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING
DIREKTEUR: W. VERHOEF**

0 0 0 0 4 5 7 1 1 9





VOORWOORD

Die doel met die salaris- en loonnavorsing wat die RGN onderneem, is ten dele om inligting te verskaf aan diegene wat beslissings oor besoldigingsvraagstukke moet neem. Daar word vertrou dat hierdie verslag oor die salarisstruktuur van natuurwetenskaplikes 'n bydrae in hierdie verband sal lewer. Die inligting wat in die verslag vervat is, behoort ook vir voorligtingsdoeleindes op skool sowel as aan die universiteit van waarde te wees.

'n Hartlike woord van dank aan die byna 7000 gegradueerdes wat aan die ondersoek deelgeneem het en aan die Institute van die RGN wat bygedra het om hierdie verslag vry te stel, naamlik die Instituut vir Statistiese Navorsing vir statistiese verwerkings en die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste vir redigering, proeflees en reëlings vir drukwerk.

A.M. Roovers
PRESIDENT

BIBLIOTEK LIBRARY		HSRC
-79-09		
STANDKODE	NUMMER NOMMER	
001.3072068 HSRC	MM 44	
BESTELNOMMER	061183	

INHOUD

	BLADSY
SUMMARY/OPSOMMING	v
HOOFSTUK	
1 INLEIDING	1
1.1 Agtergrond en doelstelling	1
1.2 Die ondersoekgroep	1
1.3 Omskrywing van enkele begrippe	5
1.4 Opset van die verslag	5
2 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEKENDE LOONPEILBEPALERS	7
2.1 Salarisstruktuur volgens beroepsgroep	7
2.2 Salarisstruktuur volgens ouderdom	11
2.3 Salarisstruktuur volgens ervaring	15
2.4 Salarisstruktuur volgens beroepsfunksie	15
2.5 Salarisstruktuur volgens studiepeil	23
2.6 Salarisstruktuur volgens provinsie en ekonomiese streek	28
2.7 Salarisstruktuur volgens bedryfstak	28
2.8 Salarisstruktuur volgens werkgewer	29
3 RENDABILITEIT VAN DIE BEROEPSGROEP	57
3.1 Inleiding	57
3.2 Metode van berekening	57
3.3 Verdiskonteerde inkomste volgens beroepsgroep en onderwyspeil	71
4 SAMEVATTING	80
5 SYNOPSIS	82
LITERATUURLYS	84
BYLAE A : VRAELYS	85
BYLAE B : BEROEPSINDELING	87

TABELLE

BLADSY

1.1	GESLAGSVERDELING VAN ONDERSOEGGROEP (B) EN NASIONALE REGISTERGROEP (GROEP A)	2
1.2	OUDERDOMSVERSPREIDING VAN ONDERSOEGGROEP (B) EN NASIONALE REGISTERGROEP (GROEP A)	2
1.3	VERSPREIDING VAN HOOGSTE KWALIFIKASIEVLAK VAN DIE ONDERSOEGGROEP (B) EN NASIONALE REGISTERGROEP (A)	3
1.4	VERSPREIDING VAN ALLE HOOFVAKKE EN STUDIERIGTINGS VIR DIE NATUURWETENSKAPLIKES IN DIE NASIONALE REGISTER, (GROEP A) EN DIE ONDERSOEGGROEP (GROEP B)	3
1.5	DIE ONDERSOEGGROEP VOLGENS BEROEPSGROEP	4
2.1	SALARISSTUKTUUR VOLGENS BEROEPSGROEP	8
2.2	SALARISKWARTIELE VOLGENS BEROEPSGROEP	11
2.3	SALARISSTUKTUUR VOLGENS OUDERDOM EN BEROEPSGROEP	13
2.4	SALARISSTUKTUUR VOLGENS VOLTYDSE ERVARING EN BEROEPSGROEP	16
2.5	SALARISSTUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE EN BEROEPSGROEP	19
2.6	SALARISSTUKTUUR VOLGENS STUDIEPEIL EN BEROEPSGROEP	24
2.7	PERSENTASIE PERSONE MET M- OF D-GRAAD VOLGENS BEROEPSGROEP	27
2.8	SALARISSTUKTUUR VOLGENS PROVINSIE EN BEROEPSGROEP	30
2.9	SALARISSTUKTUUR VOLGENS EKONOMIESE STREEK EN BEROEPSGROEP	33
2.10	SALARISSTUKTUUR VOLGENS BEDRYFSTAK EN BEROEPSGROEP	38
2.11	SALARISSTUKTUUR VOLGENS WERKGEWER EN BEROEPSGROEP	43
2.12	VERSPREIDING VAN NATUURWETENSKAPLIKES VOLGENS WERKGEWER, STUDIEPEIL EN MEDIAANOUDERDOM	45
2.13	SALARISSTUKTUUR VOLGENS WERKGEWER EN BEROEPSGROEP	47
3.1	MEDIAANSALARISSE VAN ONDERSOEGGROEP VOLGENS OUDERDOM EN STUDIEPEIL	58
3.2	DIE KOSTE VAN OPLEIDING VOLGENS ONDERWYSPEIL	70

	BLADSY
3.3 DIE BEREKENDE NETTO SALARIS VOLGENS STUDIEVLAK, BEROEPSGROEP EN OUDERDOMSJAAR	72
3.4 VERDISKONTEERDE WAARDE (R) VAN SALARISSTROOM TEEN SES PERSENT VOLGENS BEROEPSGROEP EN STUDIEPEIL	76
3.5 VERDISKONTEERDE WAARDE (R) VAN DIE SALARISSTROOM TEEN 0 PERSENT EN 10 PERSENT VOLGENS BEROEPSGROEP EN STUDIEPEIL	77
3.6 DIE RELATIEWE VERDISKONTEERDE SALARISPEIL (R) VAN DIE BEROEPSGROEP TEEN 'N VERDISKONTERINGSKOERS VAN SES PERSENT VOLGENS STUDIEPEIL	79

FIGURE

		BLADSY
2.1	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSGROEP	9
2.2	SALARISKWARTIELE VOLGENS BEROEPSGROEP	12
2.3	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS OUDERDOM EN BEROEPSGROEP	14
2.4	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS VOLTYDSE ERVARING EN BEROEPSGROEP	17
2.5	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE EN BEROEPSGROEP	20
2.6	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS STUDIEPEIL EN BEROEPSGROEP	25
2.7	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS PROVINSIE EN BEROEPSGROEP	31
2.8	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS EKONOMIESE STREEK EN BEROEPSGROEP	34
2.9	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEDRYFSTAK EN BEROEPSGROEP	39
2.10	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS WERKGEWER EN BEROEPSGROEP	44
2.11	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSGROEP EN WERKGEWER	49
3.1	BEREKENDE SALARISSTRUKTUUR VOLGENS OUDERDOM, STUDIEPEIL EN BEROEPSGROEP	61

SUMMARY

The aim of this study is to analyse the salary structure of Natural Scientists in the RSA as on 1 March 1971. The following groups are differentiated in the report:

- Earth Scientists
- Biologists
- Chemists
- Physicists
- Mathematicians
- Lecturers and professors
- Teachers
- Managers

In the first part of the report income differentials associated with factors which influence wage levels such as age, employer and educational level are discussed.

In the second part the profitability of training is calculated for each group.

OPSOMMING

Die doel met hierdie studie is om die salarisstruktuur van Natuurwetenskaplikes in die RSA soos op 1 Maart 1971 te ontleed. Die volgende groepe word in die verslag onderskei:

- Aardwetenskaplikes
- Bioloë
- Chemici
- Fisici
- Wiskundiges
- Lektore en professore
- Onderwysers
- Bestuurders

In die eerste deel van die verslag word inkomsteverskille met loonpeilbepalers soos ouderdom, werkgewer en opleidingspeil in verband gebring.

In die tweede deel word die rendabiliteit van opleiding vir elke groep bereken.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Die bepaling van die prys wat vir die produksiefaktor arbeid betaal moet word, is een van die belangrikste gemeenskaplike vraagstukke waarmee werkgewers en werknemers te kampe het. Besluite oor salarisse kan veel makliker geneem word as inligting oor heersende salarissepele en salarisstrukture beskikbaar is.

Gedurende 1971 is 'n ondersoek na die arbeidsituasie van gegradueerdes in 'n natuurwetenskaplike rigting geloods om inligting onder andere vir 'n studie oor die vraag na en aanbod van natuurwetenskaplikes in te samel. Gedurende hierdie ondersoek is ook inligting oor salarisse ingesamel.

In hierdie verslag word die salarisse van gegradueerdes in 'n natuurwetenskaplike rigting volgens bekende loonpeilbepalers ontleed en die rendabiliteit van opleiding vir die vernaamste beroepe wat deur hierdie gegradueerdes beoefen word, bepaal.

Behalwe hierdie verslag is afsonderlike verslae oor die arbeidsituasie van die verskillende natuurwetenskaplike beroeps-groepe, naamlik Aardwetenskaplikes, Bioloë, Chemici, Fisici en Wiskundiges gepubliseer. (3, 4, 5, 6 en 7).

1.2 DIE ONDERSOEGROEP

Die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes het ten tye van die ondersoek onder andere die name en adresse, besonderhede van kwalifikasies en ouderdomme van 78 173 gegradueerdes of gelykwaardig gekwalifiseerdes bevat.

Uit die Register is die besonderhede van 9359 persone wat oor natuurwetenskaplike hoofvakke vir hul B-grade beskik of wat 'n natuurwetenskaplike beroep beoefen, wat 65 jaar of jonger was, geïsoleer. Aan hierdie 9359 persone is vraelyste (bylae A) gestuur waarvan 6710 (71,7%) terugontvang en verwerk is.

In tabelle 1.1 tot 1.4 word die respondentegroep van 6710 persone met die 9359 persone (Nasionale Registergroep) volgens geslag, ouderdom, hoogste kwalifikasievlak en getal natuurwetenskaplike hoofvakke vergelyk. Die tabelle toon dat die verskille tussen die twee groepe onbeduidend is. Waar die Nasionale Register 'n verteenwoordigende steekproef van die ge-

gradueerde populasie van die land is, bestaan daar dus goeie rede om te aanvaar dat die respondentegroep 'n verteenwoordigende steekproef van die natuurwetenskaplik opgeleide gegradueerdes in die RSA is.

TABEL 1.1
GESLAGSVERDELING VAN ONDERSOEKGROEP (B) EN NASIONALE REGISTER=
GROEP (GROEP A)

Geslag	Groep A		Groep B	
	N	%	N	%
Manlik	6979	74,6	5006	74,6
Vroulik	2380	25,4	1704	25,4
TOTAAL	9359	100	6710	100

$$\chi^2 = 0,0031$$

$$p > 0,95$$

TABEL 1.2
OUDERDOMSVERSPREIDING VAN ONDERSOEKGROEP (B) EN NASIONALE
REGISTERGROEP (GROEP A)

Ouderdom in jare	Groep A		Groep B	
	N	%	N	%
20-24	873	9,3	614	9,2
25-29	2185	23,3	1535	22,9
30-34	1740	18,6	1267	18,9
35-39	1094	11,7	829	12,4
40-44	896	9,6	646	9,6
45-49	857	9,2	603	9,0
50-54	708	7,6	508	7,6
55-59	535	5,7	361	5,4
60-64	396	4,2	287	4,3
65+	75	0,8	60	0,9
TOTAAL	9359	100	6710	100

$$\chi^2 = 6,085$$

$$p > 0,70$$

TABEL 1.3

VERSPREIDING VAN HOOGSTE KWALIFIKASIEVLAK VAN DIE ONDERSOEKGROEP (B) EN NASIONALE REGISTERGROEP (A)

Hoogste kwalifikasie	Groep A		Groep B	
	N	%	N	%
Diploma gelykwaardig aan B-graad	119	1,3	88	1,3
B-graad	4019	42,9	2810	41,9
Nagraadse diploma	1368	14,6	1022	15,2
Hons.-B-/nagraadse B-graad	1416	15,1	1007	15,0
M-graad	1513	16,2	1103	16,4
D-graad	924	9,9	680	10,1
TOTAAL	9359	100	6710	100

$$\chi^2 = 4,297$$

$$p = 0,50$$

TABEL 1.4

VERSPREIDING VAN ALLE HOOFVAKKE EN STUDIERIGTINGS VIR DIE NATUREWETENSKAPLIKES IN DIE NASIONALE REGISTER (GROEP A) EN DIE ONDERSOEKGROEP (GROEP B)

Hoofvakke en studierigting	Groep A		Groep B	
	N	%	N	%
Aardkundig	1434	7,5	1091	7,5
Biologies	5047	26,4	3724	25,9
Chemies	4962	25,9	3798	26,4
Fisies	2588	13,5	1967	13,7
Wiskundig	5115	26,7	3808	26,5
TOTAAL	19146	100	14388	100

$$\chi^2 = 3,315$$

$$p > 0,50$$

Die ondersoekgroep van 6710 bestaan uit 5006 mans en 1704 vroue van wie 4691 mans en 924 vroue ekonomies bedrywig is. Die besoldiging van vroue in die arbeidsmag word egter in so 'n mate deur faktore anders as die vraag na hul dienste en vaardighede beïnvloed, dat hulle vir die doeleindes van hierdie studie nie in berekening gebring word nie.

Die 4691 mans het 'n groot verskeidenheid van beroepe beoefen. Benewens die beroepe wat as suiwer natuurwetenskaplik beskou kan word, soos chemici en fisici, het ontleding getoon dat daar slegs 3 beroepsgroepe is waarin relatief groot getalle natuurwetenskaplik opgeleides werkzaam is. Hierdie beroepsgroepe is onderwysers (873), lektore/professore (639) en bestuur- en administratiewe werkers (732).¹⁾ Omdat daar in die ander beroepsgroepe met uitsluiting van die genoemde drie sowel as die natuurwetenskaplike beroepe slegs 'n klein aantal natuurwetenskaplike gegradeerdes werkzaam is, is hierdie beroepsgroepe vir die doeleindes van hierdie verslag buite rekening gelaat omdat hierdie groeplies vir ontleding te klein is. Persone wat geen inligting oor hul salarisse verstreke het nie, is natuurlikerwys ook nie by hierdie ondersoek betrek nie.

Die netto wins van selfgeëmplojeerdes kan nie met die salaris van werknemers vergelyk word nie, aangesien hierdie netto wins ook 'n risiko-premie en vergoeding vir ondernemerskap insluit. Selfgeëmplojeerdes is daarom in die ontledings vir hierdie spesifieke ondersoek ook uitgelaat. Die samestelling van die ondersoekgroep waarvoor hierdie verslag handel, word in tabel 1.5 aangetoon.

TABEL 1.5
DIE ONDERSOEGROEP VOLGENS BEROEPSGROEP

Beroepsgroep	N	%
Aardwetenskaplikes	270	7,0
Bioloë	471	12,3
Chemici	495	12,9
Fisici	147	3,8
Wiskundiges	319	8,3
Onderwysers	856	22,2
Lektore en Professore	632	16,5
Bestuurders	653	17,0
TOTAAL	3843	100

Hierdie verslag handel dus oor 3843 mans wat opleiding in 'n natuurwetenskaplike rigting ontvang het, jonger as 65 jaar is, almal werknemers is en wat of een van die natuurwetenskaplike beroepe beoefen of 'n onderwyser of dosent of bestuurder is. 'n Beskrywing van die inhoud van die beroepskategorieë word in bylae B gegee.

1) Bestuur- en administratiewe werkers word in die tabelle as Bestuurders aangedui

1.3 OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE

Ter wille van die juistheid van die interpretasie van die gegewens word 'n aantal belangrike begrippe kortliks omskryf.

1.3.1 Eerste kwartiel (Q_1)

Die eerste kwartielwaarde is 'n statistiese middelwaarde wat 'n verspreiding sodanig verdeel dat 25 persent gevalle minder as en 75 persent gevalle meer as dié kwartielwaarde het.

1.3.2 Mediaan (Me)

Die mediaan of tweede kwartiel is 'n statistiese middelwaarde wat 'n verspreiding sodanig verdeel dat 50 persent gevalle minder en 50 persent gevalle meer as die mediaanwaarde het.

1.3.3 Derde kwartiel (Q_3)

Die derde kwartiel is 'n statistiese middelwaarde wat 'n verspreiding sodanig verdeel dat 75 persent gevalle minder as en 25 persent meer as dié waarde het.

1.3.4 Modus

Die modus is 'n statistiese maatstaf wat aantoon watter waarde in 'n verspreiding die meeste voorkom. Dit word in 'n frekwensieverdeling aangegee as die middelpunt van die klasinterval met die hoogste frekwensie.

1.3.5 Salaris

Salaris word hier beskou as die jaarlikse bruto salaris wat ontvang word deur die direkte beoefening van die respondent se beroep. Oortydverdiens, bonusse, toelaes en ander byvoordele word uitgesluit.

Ander begrippe wat in die ondersoek gebruik word, moet volgens die inhoud wat in die aangehegte vraelys (bylae A) daaraan verleen is, geïnterpreteer word en word algaande in die verslag verduidelik en omskryf.

1.4 OPSET VAN DIE VERSLAG

In hoofstuk 2 van hierdie verslag word die loonstruktuur van natuurwetenskaplik opgeleides volgens beroepsgroep en bekende loonpeilbepalers soos ouderdom, ervaring en studiepeil aangegee.

In hoofstuk 3 word die invloed van opleiding op salaris=
peile vir die verskillende beroepsgroepe bepaal en onderling
vergelyk.

Hoofstuk 4 bied 'n samevatting van die bevindings.

HOOFSTUK 2

SALARISSTRUKTURE VOLGENS BEKENDE LOONPEILBEPALERS

2.1 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSGROEP

In tabel 2.1 word die salarisstruktuur van die onder=soekgroep volgens beroepsgroep aangegee.

Figuur 2.1 is 'n grafiese voorstelling van die kumula=tiewe persentasies in tabel 2.1.


Uit bogenoemde tabel en figuur is dit duidelik dat Bioloë 'n relatief lae inkomste as groep, in vergelyking met die ander groepe ontvang. Die kumulatiewe proporsie van onderwysers per salarisinterval neem kompetender met die ander groepe tot ongeveer R7000 per jaar toe, maar die toename is daarna relatief stadiger sodat salarisse van onderwysers bo ongeveer R7000 minder kompetender met dié van die ander groepe skyn te wees. Die salarisse van die Bestuur- en Administratiewe Personeel is deurgaans hoër as dié van ander groepe. Van die suiwer natuurwetenskaplike beroepe is daar slegs by Wiskundiges 'n noemenswaardige persentasie persone wat salarisse in die kategorie van R12000 + ontvang, naamlik 5,3 persent. Aardwetenskaplikes het slegs 1,1 persent in hierdie kategorie en Chemici 1,2 persent, terwyl Fisici en Bioloë geen persone in hierdie kategorie het nie. Bestuur- en Administratiewe Personeel, wat seker hoofsaaklik bevorderingsposte beklee, het egter die grootste persentasie persone (17,2%) in hierdie kategorie. Die relatief hoë persentasie Wiskundiges in die R12000 + per jaar-kategorie, kan toegeskrif word aan die insluiting van aktuarisse en stelselontleiders, wat hoogbesoldigde beroepe is, in hierdie beroepsgroep. Met uitsondering van Bioloë en Bestuur- en Administratiewe Personeel en kleinere afwykinge hier en daar, is dit opvallend hoe klein die verskille is wat tussen die beroepsgroepe voorkom.

In tabel 2.2 en figuur 2.2 word die salarisstruktuur van die beroepsgroepe volgens salariskwartiele aangedui. Hieruit is dit weer eens duidelik dat die salarisse van die Bestuur- en Administratiewe Groep die hoogste is, terwyl Bioloë die laagste mediaansalaris het. 'n Verdere eienskap van die salarisverspreidings is die relatiewe klein verskil tussen die mediaansalaris en derde-kwartaalsalaris van die onderwysers, wat beteken dat die salarisverspreiding bokant die mediaan nouer is as by die ander beroepsgroepe.


TABEL 2.1
SALARISSTRUCTUUR VOLGENS BEROEPSGROEP

Inkom- ste R p. J.	Aard- wetenskaplikes			Bioloë			Chemici			Fisici			Wiskundiges			Onderwysers			Lektore/ Professore			Bestuurders							
	N	%	Kum %	N	%	Kum %	N	%	Kum %	N	%	Kum %	N	%	Kum %	N	%	Kum %	N	%	Kum %	N	%	Kum %					
1-1999	4	0,8	4	0,8	1	0,2	1	0,2	1	0,2	1	0,2	2	0,2	2	0,2	2	0,2	3	0,5	3	0,5	3	0,5	2	0,3	2	0,3	
2000-	6	1,3	10	2,1	3	0,6	4	0,8	2	1,4	2	1,4	4	1,3	4	1,3	3	0,4	5	0,6	7	1,1	10	1,6	7	1,1	10	1,6	
2500-	12	2,5	22	4,7	6	1,2	10	2,0	10	6,8	12	6,2	24	7,5	28	8,8	43	5,0	51	6,0	20	3,2	30	4,7	20	3,2	30	4,7	
3000-	59	12,5	81	17,2	23	4,6	33	6,7	24	4,8	57	11,5	39	12,2	67	21,0	83	9,7	134	15,7	9	1,4	39	6,2	9	1,4	39	6,2	
3499	56	11,9	137	29,1	24	4,8	57	11,5	7	4,8	27	18,4	29	9,1	96	30,1	48	5,6	182	21,3	63	10,0	102	16,1	14	2,1	20	3,1	
3999	59	12,5	196	41,6	39	7,9	96	19,4	14	9,5	41	27,9	29	9,1	125	39,2	49	5,7	231	27,0	50	7,9	152	24,1	18	2,8	38	5,8	
4000-	54	11,5	250	53,1	55	11,1	151	30,5	60	12,1	211	42,6	17	11,6	58	39,5	31	9,7	156	48,9	91	10,6	322	37,6	51	8,1	203	32,1	
4899	52	11,0	302	64,1	60	12,1	211	42,6	6	4,1	64	43,5	13	4,1	169	53,0	29	3,4	351	41,0	29	4,6	232	36,7	20	3,1	90	13,8	
5000-	14	3,0	316	67,1	22	4,4	233	47,0	35	23,8	99	67,4	58	18,2	227	71,2	303	35,4	654	76,4	156	24,7	388	61,4	84	12,9	174	26,7	
5500-	74	15,7	390	82,8	113	22,8	346	69,9	60	12,1	406	82,0	26	8,2	253	79,3	147	17,2	801	93,6	118	18,7	506	80,1	97	14,9	271	41,5	
6000-	37	7,9	427	90,7	60	12,1	406	82,0	52	10,5	458	92,5	7	4,8	123	83,7	19	6,0	272	85,3	51	6,0	852	99,5	103	15,8	374	57,3	
7999	22	4,7	449	95,3	52	10,5	458	92,5	22	4,4	480	97,0	16	10,9	139	94,6	18	5,6	290	90,9	3	0,4	855	99,9	69	10,6	443	67,8	
8999	12	2,5	461	97,9	22	4,4	480	97,0	8	1,6	488	98,6	6	4,1	145	98,6	8	2,5	298	93,4	1	0,2	856	100	68	10,4	511	78,3	
9000-	10	2,1	471	100	8	1,6	488	98,6	2	1,4	477	100	4	1,3	302	94,7	1	0,1	856	100	1	0,2	856	100	30	4,6	541	82,9	
10000-	1	0,2	265	98,2	1	0,2	489	98,8	6	1,2	495	100	10	3,1	312	97,8	10	3,1	312	97,8	1	0,2	856	100	61	9,3	602	92,2	
11000-	2	0,7	267	98,9	6	1,2	495	100	5	1,6	317	94,4	5	1,6	317	94,4	8	2,5	298	93,4	1	0,2	856	100	29	4,4	631	96,6	
12000-	2	0,7	269	99,6	1	0,2	496	99,8	1	0,3	318	99,7	1	0,3	318	99,7	1	0,3	318	99,7	1	0,2	856	100	15	2,3	646	98,9	
15000-	1	0,4	270	100	6	1,2	495	100	1	0,3	319	100	1	0,3	319	100	1	0,3	319	100	1	0,2	856	100	6	1,0	647	99,1	
16000-																										1	0,2	647	99,1
17999																										6	1,0	653	100
20999																										1	0,2	647	99,1
21000-																										6	1,0	653	100
23999																										1	0,2	647	99,1
24000+																										6	1,0	653	100
TOTAAL	1270	100			495	100			147	100			319	100			856	100			632	100			653	100			

FIGUUR 2.1
SALARISSTUKTUUR VOLGENS BEROEPSGROEP



FIGUUR 2.1 (VERVOLG)



TABEL 2.2
SALARISKWARTIELE VOLGENS BEROEPSGROEP

Beroepsgroep	N	Salariskwartiele		
		Q ₁	Me	Q ₃
Aardwetenskaplikes	270	4657	6407	8044
Bioloë	471	3823	4859	6493
Chemici	495	4745	6119	7410
Fisici	147	4841	6262	7651
Wiskundiges	319	4214	5626	7460
Onderwysers	856	4819	6244	6950
Lektore, Professore	632	5051	6528	7718
Bestuurders	653	6862	8527	10673

Hierdie afleidings kan egter nie verder gevoer word alvorens die invloed van ander salarisbepalende faktore soos ouderdom, studiepeil, ervaring, ensovoorts in berekening gebring is nie. So byvoorbeeld kan die relatiewe laer toename in die salarispeile van onderwysers moontlik toegeskryf word aan die feit dat die onderwysberoepsgroep die laagste persentasie persone met 'n M- of D-graad het, of dat hulle relatief jonk is.


In die res van die hoofstuk sal die moontlike verband tussen salarispeile en salarispeilbepalers soos ouderdom, studievlak, geografiese streek, ensovoorts, ook bespreek word.

2.2 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS OUDERDOM

In tabel 2.3 en figuur 2.3 word die ondersoekgroep se salarisstruktuur volgens ouderdom en beroep ontleed. Die grafiek is 'n voorstelling van die mediaansalarisse van elke groep persone in elke ouderdomsinterval volgens beroepsrigting soos op 1 Maart 1971.

Die algemene indruk wat uit figuur 2.3 verkry word, is dat die mediaansalaris van al die beroepsgroepe toeneem namate ouderdom toeneem. Daar is egter 'n paar uitsonderings waar die mediaansalaris van 'n ouderdomsgroep laer is as die voorafgaande. Die belangrikste voorbeelde is Wiskundiges in die ouderdomsgroepe 40 tot 44 jaar, 50 tot 54 jaar en 60 tot 64 jaar, Aardkundiges in die ouderdomsgroep 60 tot 64 jaar en Fisici by 55 tot 60 jaar. Die verskynsel kom hoofsaaklik in die ouer ouderdomsgroepe voor, waar die salarisbepalende faktore miskien meer gekompliseerd is as in die geval van die jonger groepe. In die lig hiervan, plus die feit dat die groepe ook nog heterogeen ten

FIGUUR 2.2
SALARISKWARTIELE VOLGENS BEROEPSGROEP



TABEL 2.3
SALARISSTRUCTUUR VOLGENS OUDERDOM EN BEROEPSGROEP

Ouderdom	Aardwetenskaplikes			BioLoë			Chemici			Fi.st.ci		
	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃
20-24	19	7,0	3464	31	6,6	2872	23	4,6	3140	5	3,4	3121
25-29	71	26,3	4017	140	29,8	3307	112	22,6	3861	23	15,6	3335
30-34	50	18,5	5180	111	23,6	4250	104	21,0	4884	55	37,4	4936
35-39	50	18,5	6224	68	14,5	5146	81	16,4	5897	23	15,6	6540
40-44	20	7,4	7132	48	9,8	6098	64	12,9	6364	20	13,6	6667
45-49	24	8,9	7189	35	7,4	6219	45	9,1	6558	7	4,7	6865
50-54	14	5,2	8088	24	5,1	5325	37	7,5	6532	4	2,7	8988
55-59	12	4,4	8488	9	1,9	6240	22	4,4	7239	5	3,4	6240
60-64	8	2,9	6990	6	1,3	5367	7	1,4	5367	5	3,4	8238
65+	2	0,7	8238									
TOTAAL	2270	100		470	100		495	100		147	100	

Onbekend

1


TABEL VERVOLG

Ouderdom	Wiskundiges			Onderwysers			Lektore en Professore			Bestuurders		
	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃
20-24	49	15,4	3304	34	4,0	3080	33	5,2	3173	4	0,6	2498
25-29	124	38,9	3995	174	20,3	3643	113	17,9	4130	67	10,3	4780
30-34	77	24,1	5937	163	19,0	5130	139	22,0	5177	128	19,6	5991
35-39	31	9,7	6140	101	11,8	6111	104	16,5	6105	100	15,3	7171
40-44	17	5,3	6532	72	8,4	5907	70	11,1	6410	102	15,6	7512
45-49	6	1,9	7489	104	12,1	6352	58	9,2	6890	95	14,6	8371
50-54	9	2,8	6615	98	11,4	6454	56	8,9	7056	67	10,3	8763
55-59	3	0,9	5367	61	7,1	6279	30	4,7	7307	56	8,6	8544
60-64	3	0,9	3870	43	5,0	6174	27	4,3	7583	30	4,6	7889
65+	-	-	-	6	0,7	5242	2	0,3	7489	4	0,6	9987
TOTAAL	319	100		856	100		632	100		653	100	

Salaris

FIGUUR 2.3

SALARISSTRUCTUUR VOLGENS OUDERDOM EN BEROEPSGROEP



- 1 Aardwetenskaplikes
- 2 Bioloë
- 3 Chemici
- 4 Fisici
- 5 Wiskundiges
- 6 Onderwysers
- 7 Lektore/Professore
- 8 Bestuurders

opsigte van persoonlikheidseienskappe is en die getal gevalle in hierdie kategorieë klein is, kan hierdie uitsonderinge nie sinvol verder ontleed word nie. Die algemene tendens is egter dat salarisse toeneem tot ongeveer 50 tot 55 jaar en dan weer effens afneem. Hierdie algemene tendens is by die meeste ander beroepsgroepe soos Onderwysers en Bestuurders ook waarneembaar. Hierdie styging in salarisse tot ongeveer 50-55 jaar en die afname daarna, kan as tipies van salarisouderdomgegewens beskou word (1,31).

Die mediaansalarisse van die Bestuur- en Administratiewe Werkers is feitlik deurgaans hoër as dié van die ander groepe, terwyl die mediaansalarisse van Onderwysers vanaf 37,5 jaar die laagste is. Daar kan egter nie hieruit sonder meer afgelei word dat Onderwysers swakker besoldig word as die ander beroepsgroepe nie, aangesien die moontlike invloed van ander faktore, byvoorbeeld studievlak, in gedagte gehou moet word.

2.3 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS ERVARING

In tabel 2.4 word die kwartielsalarisse en in figuur 2.4 die mediaansalarisse volgens jare voltydse ervaring aangetoon.

Die salarismediane van die Bestuurs- en Administratiewe Groep is weer eens die hoogste per klasinterval, terwyl die van Bioloë en Onderwysers die laagste is. Salarismediane van laasgenoemde groep vertoon egter kompetierend met die meeste ander groepe tot ongeveer 15 tot 20 jaar ondervinding.

Soos ver wag kan word, styg die mediaansalarisse namate die jare ervaring styg. Daar is egter weer eens uitsonderings, byvoorbeeld Wiskundiges met 20 tot 25 en Bioloë en Lektore met 40 tot 45 jaar ervaring. Aangesien die groepe hier te klein is, kan die verskynsels nie verder ontleed word nie.

2.4 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE

In tabel 2.5 en figuur 2.5 word die salariskwartiele van die ondersoekgroep volgens beroepsgroep en beroepsfunksie aangetoon.

Werknemers gemoeid met bestuur en administrasie het die hoogste eerste-, tweede- en derde-kwartielsalarisse. Wiskundiges gemoeid met bestuur en administrasie geniet die hoogste derde-kwartielsalarisse. Dit kan waarskynlik aan aktuarisse en stelselontleders toegeskryf word.

TABEL 2.4
SALARISSTRUCTUUR VOLGENS VOLTYOSE ERVARING EN BEROEPSGROEP

Ervaring in jaren	Aardwetenskapliken			Bioloë			Chemici			Fisici					
	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃			
0-5	82	31,3	3759	4369	4905	154	33,6	3171	3574	4096	120	24,7	3496	4244	4841
6-10	56	21,4	4993	5928	6640	125	27,3	4266	4829	5665	84	17,3	4826	5325	6371
11-15	43	16,4	6544	7364	8452	65	14,2	5002	5783	6972	89	18,3	5336	6440	7397
16-20	26	9,9	6906	8131	9087	45	9,6	5429	6721	7693	67	13,8	6092	6712	7700
21-25	23	8,8	7525	8488	9529	39	8,5	6136	6948	8020	62	12,8	6415	7353	8595
26-30	10	3,8	7822	8655	9737	15	3,3	6282	6906	8738	24	4,9	6740	7989	8845
31-35	12	4,6	8988	9987	10986	7	1,5	6365	7489	8613	27	5,6	7139	8301	9237
36-40	10	3,8	7489	8988	10486	6	1,3	6490	9321	9820	10	2,1	6490	7989	8821
41-45						2	0,4	4244	4494	8488	3	0,6	8363	8738	12734
TOTAAL	262	100	4657	6407	8044	458	100	3823	4859	6493	486	100	4745	6119	7410

13

9

2

TABEL VERVOLG

Ervaring in jaren	Wiskundiges			Onderwysers			Lektore en Professore			Bestuurders					
	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃			
0-5	140	44,7	3640	4319	5273	190	23,1	3543	3843	4330	136	22,0	4023	4343	4943
6-10	75	24,0	4915	6316	7221	162	19,7	5070	5492	6490	129	20,9	5049	6059	6691
11-15	45	14,4	5897	7364	9737	91	11,1	6068	6441	6813	110	17,8	6149	6819	7777
16-20	24	7,7	6490	7989	9737	97	11,8	6097	6702	7353	76	12,3	6540	7389	8352
21-25	15	4,8	6282	6906	10236	88	10,7	6396	6990	7656	64	10,4	6657	7380	8488
26-30	7	2,2	7739	9737	12734	85	10,3	6454	7079	7837	40	6,5	6990	7898	8988
31-35	3	1,0	5367	8488	12734	59	7,2	6374	6900	7754	34	5,5	7378	8738	9487
36-40	4	1,3	3995	13484	14984	4	0,5	6107	6823	7905	25	4,1	7453	8621	9562
41-45						8	1,0	6324	6990	7656	4	0,6	6990	7489	7989
TOTAAL	313	100	4214	5626	7460	823	100	4819	6244	6950	618	100	5051	6528	7718


5

33


14

21

FIGUUR 2.4
SALARISSTRUKTUUR VOLGENS VOLTYDSE ERVARING EN BEROEPSGROEP



FIGUUR 2.4 VERVOLG




TABEL 2.5
SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE EN BEROEPSGROEP

Beroepsfunksie	Aardwetenskaplikes			BioLoë			Chemici			Fisici		
	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃
Bestuur en Administrasie	27	10,0	7739	50	10,6	5741	84	17,0	6178	9	6,1	6240
Navorsing en Ontwikkeling	67	24,9	3892	310	65,8	3608	223	45,1	4642	100	66,0	4743
Beplanning en Ontwerp	4	1,5	4494	4	0,8	2498	5	1,0	4618	2	1,4	4743
Onderwys en Opleiding	6	2,2	6240	27	5,7	5460	8	1,6	3995	13	8,8	4057
Produktsie en Inspeksie	4	1,5	4993	13	2,8	4119	68	13,7	4552	3	2,0	5367
Konsultasie en Adviserend	40	14,9	6190	34	7,2	3959	46	9,3	4743	10	6,8	6740
Ondersoek en Voorspelling	121	45,0	4445	25	5,3	3807	46	9,3	4577	10	6,8	6740
Ander	8	1,7	3246	8	1,7	3246	15	3,0	4338	10	6,8	4743
TOTAAL	269	100		471	100		495	100		147	100	
Onbekend	1			0			0			0		


TABEL VERVOLG

Beroepsfunksie	Wiskundiges			Onderwysers			Lektore en Professore			Bestuurders		
	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃
Bestuur en Administrasie	56	17,6	6240	38	4,4	7010	7	1,1	6740	504	77,2	7202
Navorsing en Ontwikkeling	38	11,9	4144				36	5,7	4280	30	4,6	7364
Beplanning en Ontwerp	69	21,6	4175							12	1,8	5991
Onderwys en Opleiding	23	7,2	5336	813	95,1	4720	586	93,2	5115	6	0,9	6490
Produktsie en Inspeksie	6	1,9	3870	2	0,2	8238				33	5,1	5516
Konsultasie en Adviserend	74	23,2	4078	2	0,2	1000				41	6,3	6597
Ondersoek en Voorspelling	39	12,2	3692							23	3,5	5450
Ander	14	4,4	3620							4	0,6	4494
TOTAAL	319	100		855	100		629	100		653	100	
Onbekend	0			1			3			0		


FIGUUR 2.5
SALARISSTUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE EN BEROEPSGROEP



FIGUUR 2.5 VERVOLG



FIGUUR 2.5 VERVOLG



Natuurwetenskaplikes gemoeid met konsultasie, adviseering, onderwys en opleiding ontvang ook relatief hoë mediaansalarisse in vergelyking met die ander beroepsfunksies soos ondersoek, voorspelling en navorsing en ontwikkeling.

Die groep Bestuurders en Administratiewe Personeel het in elke beroepsfunksie die hoogste mediaansalaris, met die uitsondering van die onderwysers wat met produksie en inspeksie, en Aardkundiges wat met bestuur en administrasie gemoeid is.

Daar is dus duidelike verskille tussen mediaansalarisse verdien deur persone met dieselfde beroepsfunksies in die verskillende beroepsgroepe, maar ook tussen die mediaansalarisse verdien deur persone met verskillende beroepsfunksies in dieselfde groep. Daar moet onthou word dat dieselfde beroepsfunksie nie noodwendig dieselfde betekenis in al die beroepsgroepe het nie. So verskil die beroepsfunksie konsultasie en advisering van aardkundiges heelwat van dié van Bioloë, in eersgenoemde geval waarskynlik eerder 'n funksie van redelik ervare persone en in ander gevalle miskien van meer junior personeel soos blyk uit die ouderdomsamestelling van die twee beroepsgroepe. Die produksie- en inspeksiefunksie van chemici sal ook wesentlik verskil van dié van onderwysers wat natuurlik glad nie met produksie gemoeid is nie. Die beroepsfunksie word derhalwe in baie gevalle gekoppel aan die beroep sodat sinvolle onderlinge vergelyking taamlik moeilik is. Besondere belang behoort dus nie aan die onderlinge verskille geheg te word nie. Die probleem van kategorisering in beroepe, veral ten opsigte van die bestuursgroep, blyk ook uit die tabel. Daar is byvoorbeeld persone wat hul beroep as bestuurder verstrekket, maar by die beroepsfunksie aangedui het dat bestuur nie hul vernaamste taak is nie. Ook is daar persone wat hul beroep byvoorbeeld as chemikus aangedui het en by die vraag oor beroepsfunksie die bestuur en administratiewe funksie as hoofberoepsfunksie verstrekket.

2.5 SALARISSTUKTUUR VOLGENS STUDIEPEIL

In tabel 2.6 en figuur 2.6 word die ondersoeksgroep se salariskwartiele volgens beroepsgroep en studiepeil aangegee.


Uit hierdie gegewens blyk dat daar, met uitsondering van persone met 'n diploma gelyk aan 'n B-graad en persone in besit van 'n Hons.-B-graad of 'n nagraadse B-graad, 'n positiewe verband tussen salarishoogte en studiepeil bestaan.

TABEL 2.6
SALARISSTRUCTUUR VOLGENS STUDIEPEIL EN BEROEPSGROEP


Studiepeil	Aardwetenskaplikes			Bioloog			Chemici			Fisici		
	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃
Diploma = B-graad	89	33,0	4004	143	30,4	3282	10	2,0	4743	29	19,7	6490
Nagraadse Diploma	2	0,7	3745	6	1,3	4244	228	45,1	4636	3	2,0	6772
Hons.-B-/na= graadse B- graad	73	27,0	4504	88	18,7	3371	12	2,4	4743	19	12,9	7489
M-graad	60	22,2	6205	150	31,8	4550	64	12,9	3884	49	32,9	6740
D-graad	46	17,0	7204	84	17,8	6040	108	21,8	4846	54	36,7	7401
TOTAAL	270	100		471	100		495	100		147	100	

TABEL VERVOLG

Studiepeil	Wiskundiges			Onderwyers			Lektore en Professore			Bestuurders		
	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃	N	%	Q ₃
Diploma = B-graad	17	5,3	9404	205	23,9	3636	2	0,3	6490	16	2,5	6990
Nagraadse Diploma	198	62,1	3862	372	43,5	5081	59	9,3	3620	360	55,1	6516
Hons.-B-/ nagraadse B-graad	16	5,0	4743	187	21,8	5282	30	4,7	6022	30	4,6	6347
M-graad	38	11,9	4275	78	9,1	6194	116	18,4	4312	64	9,8	6490
D-graad	36	11,3	5824	14	1,6	6490	195	30,9	4919	123	18,8	8238
TOTAAL	319	100		866	100		230	36,4	6895	653	100	



FIGUUR 2.6 VERVOLG



Houers van diplomas wat gelykwaardig aan 'n B-graad beskou word, het die hoogste mediaansalaris. Diplomas waarvan die toelatingsvereiste dieselfde as 'n graad is, word vir die doeleindes van die Nasionale Register as gelykwaardig aan 'n B-graad geklassifiseer. Die meeste van hierdie diplomas is spesifiek beroepsgerig en word in die praktyk in baie gevalle deur werkgewers baie hoog aangeslaan. 'n Voorbeeld van hierdie diplomas is die aktuariële diploma. Houers van 'n Hons.-B-graad het die laagste mediaansalaris van al die studiepeile.

Uit figuur 2.6 is dit weer eens opvallend dat die Bestuur en Administratiewe Personeel telkens die hoogste mediaansalaris in elke studiepeil het, behalwe in die geval van diplomas gelyk aan 'n B-graad, waar Wiskundiges 'n hoër mediaansalaris het. Hierdie groep bestaan onder andere uit aktuarisse en stelontleiders. 'n Verdere opvallende verskynsel is naamlik dat Bioloë in elke studiepeil die laagste mediaansalaris het.

In tabel 2.7 word die persentasie persone in 'n beroepsgroep wat in besit is van 'n M- of D-graad, aangegee. Hieruit blyk dat Lektore en Professore en Fisici die hoogste persentasie persone in eersgenoemde studiepeil het, teenoor Onderwysers en Wiskundiges wat die laagste persentasie in hierdie groep het.

TABEL 2.7

PERSENTASIE PERSONE MET M- OF D-GRAAD VOLGENS BEROEPSGROEP

Beroepsgroep	M- en D-graad	Res
Aardwetenskaplikes	39,2	60,7
Bioloë	49,6	50,4
Chemici	36,5	63,4
Fisici	65,3	34,6
Wiskundiges	15,7	84,3
Onderwysers	10,7	89,2
Lektore en Professore	67,3	32,7
Bestuurders	28,0	72,0
TOTALE ONDERSOEGGROEP	35,6	64,5

Hierdie verskil in studiepeilsamestelling moet in gedagte gehou word wanneer die salarishoogtes van die beroepsgroepe vergelyk word, aangesien dit uit die voorgaande duidelik is dat studiepeil, saam met ouderdom, belangrike salarisbepalende faktore is.

2.6 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS PROVINSIE EN EKONOMIESE STREEK

In tabel 2.8 en figuur 2.7 word die salariskwartiele aangetoon volgens provinsies.

Soos verwag, word daar nie buitengewone salarisverskille aangetref nie. Provinsiale grense in Suid-Afrika stem nie ooreen met die ekonomiese verdelings van die land nie. Dit gebeur dus dat 'n ekonomiese streek, wat 'n invloed op die loonstruktuur kan hê, binne 'n provinsie voorkom sonder dat dit in die gegewens soos in tabel 2.9 aangegee, weerspieël word.

Die Bestuur- en Administrasiegroep het die hoogste mediaaninkomste in elke provinsie, terwyl die Bioloë net in die Oranje-Vrystaat nie die laagste mediaansalaris het nie. Die rede vir die Biologiese groep se lae mediaaninkomste is waarskynlik nie aan die groep se onderwyspeil toe te skryf nie, aangesien die verspreiding van gevalle met 'n M- of D-graad gunstig vergelyk met die ander groepe. (Sien tabel 2.6.) Aan die ander kant is die Biologiese groep egter relatief "jonk" in vergelyking met die ander groepe. (Sien tabel 2.3.)

In tabel 2.9 en figuur 2.8 word die gegewens soos in tabel 2.8 verder verdeel in ekonomiese streke. Hieruit is dit duidelik dat, behalwe in die geval van die res van die Kaaprovinsie, die Bestuur- en Administrasiegroep deurgaans die hoogste mediaaninkomste het.

Daar is verder geen noemenswaardige verskille in die mediaaninkomste van die groepe volgens ekonomiese streek nie. Soms is die mediaansalaris van een beroepsgroep in die een ekonomiese streek hoër as in 'n ander, maar daar is geen algemene tendens waarneembaar nie. Gevolglik speel geografiese verspreiding waarskynlik nie so 'n belangrike rol in die bepaling van salarishoogtes soos ander faktore, byvoorbeeld ouderdom en studiepeil, nie.

2.7 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEDRYFSTAK

Uit tabel 2.10 en figuur 2.9, waar die ondersoekgroep se mediaansalarisse volgens bedryfstak en beroepsgroep aangegee word, is dit duidelik dat die Bestuur- en Administratiewe groep weer eens die hoogste mediaaninkomste, met uitsondering van die bou en konstruksietak, in elke bedryfstak het.

'n Kenmerk van die indiensneming van die beroepsgroepe volgens bedryfstak is dat daar gewoonlik slegs 1 of 2 bedryfstakke is waarin noemenswaardige getalle persone werksaam is.

Wiskundiges is hier 'n uitsondering. Die salarisverskille wat tussen die verskillende bedryfstakke opgemerk word, is nie juis noemenswaardig nie en daar kan nie juis van 'n algemene neiging gepraat word nie. Die wiskundiges in finanswese se hoër mediaansalarisse moet weer eens aan die aktuarisse wat hier werksaam is, gewyt word. Dit is dus waarskynlik dat bedryfstak as sodanig nie 'n belangrike loonpeilbepaler is nie.

2.8 SALARISSTUKTUUR VOLGENS WERKGEWER

In tabel 2.11 en figuur 2.10 word die mediaansalarisse van die ondersoekgroep volgens werkgewer ontleed. Die werkgewers is in twee groepe verdeel, naamlik openbare sektor en privaat sektor. Eersgenoemde groep sluit die Staat, semi-staatsinstellings, openbare korporasies (bv. YSKOR, SASOL) en plaaslike owerhede in.

Aardkundiges, Chemici, Fisici, Onderwysers, Lektore, Bestuur- en Administratiewe Personeel in die openbare sektor het hoër mediaaninkomstes as hul kollegas in die privaat sektor, terwyl Bioloë en Wiskundiges in die privaat sektor hoër mediaansalarisse het as hul kollegas in die openbare sektor. Werknemers in die privaat sektor as geheel het egter 'n hoër mediaansalaris as hul kollegas in die openbare sektor, naamlik R6744 teenoor R6291 per jaar. Hierdie verskil word groter namate na die hoër inkomstegroep beweeg word, want die derde kwartielsalarisse is R8803 teenoor R7483 onderskeidelik.

Hierdie syfers het egter nie veel vergelykingswaarde wanneer die twee sektore teen mekaar geweeg word met betrekking tot vergoeding aan werknemers nie, aangesien die groepe waaruit die gegewens verkry is, kan verskil met betrekking tot ouderdom, studievlak en ander salarisbepalende faktore.

In tabel 2.12 is die twee sektore verder verdeel met betrekking tot studiepeil en ouderdom. Die openbare sektor is die grootste werkverskaffer aan natuurwetenskaplikes met 'n naagraadse diploma, Hons.- B-, M- en O-graad. In die geval van B-graad en diplomas gelyk aan 'n B-graad, is die privaat sektor die grootste werkgewer. Houers van diplomas gelyk aan 'n B-graad is 'n hoog besoldigde groep, soos blyk uit tabel 2.6 en figuur 2.6.

Die openbare sektor verskaf werk aan ongeveer 68 persent van die natuurwetenskaplikes teenoor 32 persent in die privaat sektor.

TABEL 2.8
SALARISSTRUKTUUR VOLGENS PROVINIE EN BEROEPSGROEP

Provinsie	Aardwetenskaplikes				Bioloë				Chemici				Fisici							
	N	%	Q ₁	Me	Q ₃	N	%	Q ₁	Me	Q ₃	N	%	Q ₁	Me	Q ₃	N	%	Q ₁	Me	Q ₃
Kaapprovinsie	61	22,8	4012	5357	6849	128	27,2	3870	4861	6208	93	18,9	4157	4978	6398	25	17,0	3870	5741	6811
Natal	10	3,7	3745	5991	7739	54	11,5	4098	4779	6268	59	12,0	4603	5464	6761	2	1,4	6490	6990	9487
Transvaal	159	59,3	4948	6740	8550	255	54,1	3757	4917	6689	299	60,8	5079	6490	7835	117	79,6	5001	6342	7772
OVS	11	4,1	4182	4868	7114	21	4,5	4119	5117	7139	35	7,1	4722	5616	7739	3	2,0	3870	4244	8238
SWA	27	10,1	5336	6490	8113	13	2,7	3402	4078	4868	6	1,2	5117	5692	6490					
TOTAAL	268	100				471	100				492	100				147	100			

Onbekend 2

0

3

0

TABEL VERVOLG

Provinsie	Wiskundiges				Onderwysers				Lektore en Professore				Bestuurders							
	N	%	Q ₁	Me	Q ₃	N	%	Q ₁	Me	Q ₃	N	%	Q ₁	Me	Q ₃	N	%	Q ₁	Me	Q ₃
